Mazeppa hengel uitstappie om te onthou.

Deur Neville Barnard

Dit is nou die 4de keer dat ons die pad Transkei toe vat, om ons krag en gerei te gaan toets teen die treine van die Wildekus. Ons het nog elke keer vis gekry, maar gewoonlik moes ons die storie afrond met die grotes wat weggekom het.

Die keer was anders. Ons het alles haarfyn beplan en bespreek wat ons dink die probleme was in ons vorige sessies en dit dan probeer oplos. Een vir een probleme is uit gesorteer, tot ons nie meer kon dink wat ons kan beter doen, of groter en sterker maak nie. Nou moet die weer net saam speel, dan gaan ons die haaie roer. (famous last words).

Ons het besluit om ‘n kort sessie te doen in die eerste week van August. Eerstens is dit nie so warm nie, tweedens is daar gewoonlik beter haaie in die ronte en laastens is die eetbare visse ook vollop.

Ons het gevind dat aas en gerei baie belangrik is in die Transkei. Hoe varser die aas hoe beter. Ons het gevind dat Bait Man se aas die ding net reg doen. Die aas is so vars dit lyk of dit gister gevang is en het nog nooit teleur gestel nie. Die vars aas lok die haaie gou in en gewoonlik sommer in groot hoeveelhede. Dit is nie onalgemeen om partykeer 3 of 4 optelle te te kry tergelyk nie. Dit is waar baie goeie gerei en goed geoefende samewerking inkom. Ons hengel hoofsaaklik met Shimano Trinidad 40 en 50’s met honderde meters braid en .60 mm Sufex hooflyn en 1.4 tot 1.8mm selfgemaaklte windon leaders. Dik staaldraad en groot sterk VMC en Musted hoeke met selfgemaakte 8oz sinkers met langer **booms** eindig die gerei af. Die stokke wat die skade aangerig het was die Waft Century Iron Fether Super Sharks en die nuwe Shimano Teralejo stokke wat ons uitprobeer het. Wat die stokke uniek maak is dat hulle ‘n

verstelbare pistoolgreep het, net 12f lank is en sinker van 4 tot 10oz kan gooi. Dit is die ligste en dunste see stok wat ek nog gesien en hanteer het. Die meeste mense het ons kom vrae of ons vir eerbare visse vang as hulle die stokke sien, en was stom geslaan om die haaie en pylies te sien wat ons lig en die afstande wat ons gooi met die ligte klein stokkies.

Ons het vroeg in die pad geval en was by mazeppa so teen 9uur die oggend. Hulle het die grondpad geskraap en dit was vir ‘n verandering ‘n 40min plesier rit en nie ‘n 2ure staf nie. Ons het die see met groot afwagting tegemoed gestaar. Dit was nie te sleg nie. Redelik warm, min wind en platterage see, met ‘n baie mooi gemerbier kleur. Ons het die sleepwa uitgepak en net alles op ‘n hoop in die huis gegooi. Die stokke is aanmekaar gesit en die beste aas is uitgesoek. Ons het besluit om ons eerste gooie op die eiland se punt te gaan maak. Met gerei en aas kaste was gekreun het onder die gewig is die stewige stappie na die punt toe aangepak. Die eerste lyne is sonder voorval horizon toe gepos en die eerste inkvisse en Bonitos het ingegly met die eerste probeerslag. Dit is altyd lekker as ‘n plan uitwerk, maar na 2 ure is daar nog niks. Die sinkers bly sit, die aas gly mooi af, die see lyk goed, maar dit is soos ‘n woestyn voor ons. Nou was dit tyd vir ‘n ander strategie. As die haaie nie hier is nie moet hulle iewers anders wees. Ons besluit toe om Boiling pots toe te gaan, maar net voor ons vertrek kry Ezekiel ‘n klein blou pylie gevang op ‘n klein asie wat hy uitgesit het vir ‘n rostvissie . Ten minste is die ys gebreek, maar ons het nie regtig beter gevoel nie.

By Boiling pots het dit nog beter gelyk. Die see was ‘n mooi kleur en die golwe was so laag dit jy reg voor op die rontslys kon hengel sonder om te vrees vir jou lewe, soos gewoonlik. Daar was ‘n Duitser wat ons vertel het dat hy gister ‘n groot Blacktip haai aangehad het, maar hom ongelukkig verloor het op die strand toe die hoeke net losgekom het. Dit het ons positief gemaak, veral toe sy een katrol wegtek en hy ‘n jong bronsie van so 30kg vang. By ons was dit



eers stil, maar ons hoef nie bekommer te gewees het nie. Die volgende vangs was ietsie besonders. Eldrid het ‘n groot hammerkop opgetel van 37kg, wat hom vir 40min besig gehou het. Terwyl hy nog aan was het die Duitser iets baie groot op getel wat eers nie wou stop nie, en toe suidpool toe begin swem het. Terwyl hulle altwee aan was het ek ‘n Raggie gehak en geland van 80kg. Nie te groot

nie, maar darm een op die kant. Die Duitser het toe al om die punt verdwyn en ek het so 30min samet hom spandeer . Eintlik hom net moed ingepraat, want hy het toe nie te goed gelyk nie. Ek het gesien hierdie gaan nog ‘n lang store wees en het hom eers gegroet om nog ‘n vis te gaan vang. Volgende aan die beurt was Ezekiel en Jacques, eers met ‘n 34kg Diamond skate en toe ‘n klein bronsie van so 15kg. Ek en Eldrid het ook weer gelyk vasgemaak ,maar ek kon sien dat sy vis baie groter as myne was aan die hoeveelheid lyn wat van sy katrol afgestoop word. Terwyl ons ons visse baklei het, het die Duitser weer terug gekom na ons kant toe, sy stok nog net so sekel soos ‘n uur terug. Ek het my vis sonder enige hulp uitgeboelie oor die rotse. Dit was gelukkig net weer ‘n klein bronsie. Dit het teen die tyd sterk skemer geraak en ek het besef dat as dit donker raak daar amper niks kans gaan wees dat die Duitser en Eldrid hulle visse suksesvol sou land oor Boiling pots se rotse nie. Die Duitser het darm gelyk of hy uiteindelik na 2.5 ure in beheer is van die gevag.

Ons het hom aangemoedig en hom moed ingepraat, maar ook hom goed laat verstaan dat dit binnie'n klein rukkie donker sou wees en dat as hy nie nou alles insit wat hy het nie, gaan alles te vergeefs wees. Hy het alles ingesit en geskeeu , gesteen , bebeur en die snaakste geleide gemaak, maar gelukking het die regte golf die vis naby genoeg gebring dat ons eityndelik kon sien wat dit was en hom ook met die eerste probeerslag gaffel. Dit was 'n baie groot Duckbull pylster. Die grootste wat ek nog gesien het. Hy het 'n vlerkmaat gehad van 161cm (59.1kg). Dit het 3 mense gevat om hom te lig tot waar ons foto's kon neem.

Dit was 'n voorreg om daardie vis te sien en hom weer veilig terug te sit in die see. Terwyl dit alles aan was het Eldird seker so 200m met die rotse af beweeg en dit was nou heeltemal donker, en ons kon nie meer so lekker op die rotse beweeg nie en ons kon ook nie sien hoe sy lyn loop nie. Die see bries waai die water wat teen die rotse spat reguit in jou gesig in en as jy 'n koplig aansit lyk dit soos dik mis. Om 'n lang store kort te maak, het hy daardie vis uiteindelik verloor.

Ons is moeg, seer en totaal en al uitgeput, maar baie tevrede, losie toe. Ons was toe as meer as 24uur aaneen wakker gewees. Toe ek die bed slaan was ek weg, en het wakker geword soos ek gaan le het. Die gillie Androw het ons kom wakker klop die volgende oggend. Ons was maar traag op weer af rotse toe te gaan maar die see was nog steeds mooi en die weerman het ons ingelig dat daar 'n kwaai storm daardie middag sou deurkom wat alles deurmekaar sou maak met die hengel. Met die gedagte en die gedagtes van die vorige dag is ons weer af eiland toe. Dit was snaak. Die tyd was al 9uur die oggend en niemand anders op die punt nie. As die geluk bo is moet jy hom maar ry, jy weet nooit wanneer gooi hy jou af nie. Ek en Jacques het aan die linker kant gestaan en Eldrid en sy broer op die regter punt van die eiland. Hulle het die eerste aksie gehad met wat ons vermoed klein hammerkoppies was, want hulle kon die treke net nie raak kap nie en die aas het net byt merke op. So by die 4de probeerslag slaan Eldrid in 'n mooi vis in wat lyn begin vat. Na 200m word die hoeke ook net uitgespoeg. As ons maar net kan sien wat onder die water aangaan? Teen die tyd is ek al erg lis om my ook op hulle rotsie te gaan staanmaak, want hier by ons is dit te stil. Jacques praat my moed in en se dat hulle die kleintjies besig hou terwyl die grotes na ons kant toe gaan kom. Ek het hom net so gekyk toe my stok met geweld platgetrek word en my Trinidad begin sing van plesier. Ek het omgedraai om hom te vertel van die byt, net om te sien hoe hy ook platgetrek word en terug le in 'n groot vis in.

My geveg was nie lank nie, maar ek het gesukkel om die vis deur die branders op die punt te bring. Toe ek die vis sien het ek geweet hoekom. Dit was ‘n baie groot platvis. Jacques se vis het ook homself gewys in die golwe. Nog ‘n groot platte. Ek het alles ingesit en my vis redelik gou geland. ‘n Diamand rog van 187cm vlerkspan -60.5kg. Dit is my grootste platvis nog, so ek was baie bly om die minste te se. Jacques sin was bietjie kleiner met ‘n mate van 171cm – 47kg rond. Ons het net die 2 visse teruggesit toe Eldrid vasmaak met nog ‘n mooi vis. Die eint reseltaat, ‘n raggie van 62kg. Jacques het net daarna ‘n mooi bronsie opgetel maar hom na so 40min geveg voor op die punt van die eiland verloor. Die golwe was te groot om dit te ver voor te waag.

Die volgende dag het baie slegte weer ingekom met reen, swaar wind en bittere koue. Ons het weer probeer vir haai maar niks gekry nie. Ons het gaan eetbare visse tyken vir die volgende 3 dae. Ons het heelwat kabeljoue gekry, maar hulle was maar aan die klein kant, met visse tussen 2 en 3 kg die norm. Androw, ons Gillie, het ‘n mooi steenbras gekry van +- 5kg en ook een van 2kg. Ons het ook poenskoppe gekry en ook cave bass. Die elwe was maar stil , maar daar was baie blacktails.

Nie te sleg vir ‘n kort sessie mazeppa toe nie. Die aas was reg, die gerei was reg en ons het soos ‘n goed ge-oliede masjien gewerk. Ek wens net ek kon die weer bespreek.

Wel daar is altyd volgende keer.

Stywe Lyne aan almal

Neville Barnard